

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 109 van 2026

12 Oktober 2026

Geagte Randjie-gholfers en Randjie-ouers / -voogde

Hoërskool Randburg se gholf het die jaar uitstekend gevaar met drie tot vyf spanne wat in die liga deelgeneem het, asook twee van ons dogters wat in Afrikaans Hoër Meisies se gholfoernooi gespeel het. Ons is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê en dat die gholf nog verder sal groei. Hiermee net 'n paar belangrike datums en inligting vir 2027.

Gholfafrigting:

Gholfafrigting vind by Randpark gholfbaan plaas en word in drie tydsgleuwe, nl. Maandae van 16h00 tot 17h00 en 17h00 tot 18h00 en Woensdae van 17h00 tot 18h00 deur *Gets Golf* aangebied. Die leerders ontvang 25 lesse deur die jaar. Ek bevestig die spesifieke datums vir 2027 sodra ek dit van *Gets Golf* ontvang.

Die koste hieraan verbonde is **R3 125** per leerder vir 25 lesse. Daar kan van 'n afbetalingsopsie gebruik gemaak word. Die volle bedrag moet asseblief teen 31 Januarie 2027 betaal wees.

Indien u van 'n afbetalingsopsie wil gebruikmaak, kan u dit as volg betaal:

Paaient betalings	Kostes
Oktober 2026	R781.25
November 2026	R781.25
Desember 2026	R781.25
Januarie 2027	R781.25

Betaling word op die volgende wyse hanteer:

Bankbetaling in die skoolrekening met verwysing as volg:

ABSA BANK

Rekeninghouer: Hoërskool Randburg

Takkode: 632005

Tjekrekening: 170 680 065

Verwysing: Leerderkode,GHOLFAF2027,Naam (bv. 12345,GHOLFAF2027,Jannie)

DIT IS UITERS BELANGRIK OM DIE REGTE VERWYSING TE GEBRUIK.

E-pos die bewys van betaling SLEGS aan betalings@hsrandburg.co.za, geen ander e-posse nie en slegs EEN e-pos na die skool per betaling, asb. Kontant- of kaartfasiliteite is by die skool se finansieskantoor beskikbaar.

Vul asseblief die onderstaande *Google* vorm in sodat ons kan vasstel wie die afrigtingssessies gaan bywoon:

<https://forms.gle/PZkF5HpDZATBx8Cd7>

Sentraal Gauteng Skoleliga en Wesrand-liga:

Die Sentrale Gauteng Skoleliga strek van September tot Februarie. Die leerders speel van 15h00 op Maandagmiddae nege gaatjies by verskeie gholfbane. Hieraan is geen kostes vir die leerders verbonde nie. Ons is tans besig met die liga. Die datums vir 2027 is nog nie bevestig nie.

Die Wesrand-liga vind in Julie/Augustus 2027 plaas. Die leerders speel oor drie weke een rondte van 18 gaatjies by voorgestelde gholfbane. Die liga vind wel ook tydens skoolure plaas. Die leerders is verantwoordelik vir die setperkfooie vir die liga (ongeveer R100 per speler).

Vriendskaplike Wedstryde/ Sportfeeste:

Ons neem elke jaar ook, saam met ons ander sporte, aan die volgende sportbyeenkomste deel:

- Midstream College in Maart 2027
- Fairtree Sportfees Hoërskool Menlopark in April 2027

Gholftoernooie:

In 2027 is daar verskeie toernooie waaraan ons as skool kan deelneem. Die toernooie is nie verpligtend nie, maar is baie goeie ervaring vir die spelers. Die kostes sal deur die ouers betaalbaar wees. Verdere inligting sal gekommunikeer word sodra ons dit ontvang. Kostes is dieselfde as in 2026, behalwe die Pecanwood toernooi en Sun City wat reeds 2027 se kostes behels.

Die toernooie is:

- *Pecanwood Golf Tournament*: 18 tot 19 Februarie 2027 (R1 800 per speler)
- *Dainfern College Championship*: Maart 2027 (ongeveer R3 000 per speler)
- *Sun City Golf Tournament*: 4 tot 7 Mei 2027 (ongeveer R8 400 per speler – reeds vol vir 2027)
- *Steyn City School Tournament*: September 2027 (ongeveer R3 000 per speler)
- Afrikaans Hoërskool Meisies (AHMS) Gholftoernooi: 28 tot 30 September 2027 (ongeveer R1 000 per speler)

Gholftoer:

Daar is in die beplanning ook 'n Gholftoer in die Julie skoolvakansie (11 tot 15 Julie 2027) na Margate, Natal. Die gholftoer word deur Margate Sportskool gereël en die spelers bly in Brackenmoor Koshuis. Die spelers speel op drie verskillende bane in die omgewing, o.a. Selborne, Sanlameer, Southbroom, Port Shepstone of Margate. Kostes hieraan verbonde is ongeveer **R6000** per speler. Finale kostes en reëlings sal gekommunikeer word sodra dit gefinaliseer is.

Gholfkondisionering:

Ons beplan om volgende jaar ook sportkondisionering spesifiek vir die gholfspelers aan te bied. Die beskikbare tye by die skool se *gym* is Maandae tot Donderdae van 6h00 tot 7h00 en 14h00 tot 16h00. Die spesifieke tye wat vir die gholfers bespreek sal word, sal bevestig word.

Kontak gerus vir Liaan Colin by liaan.colin@hsrandburg indien u enige verdere vrae het.

Ons sien baie uit na 2027 en glo dit gaan 'n wonderlike gholfseisoen wees.

Vriendelike Randjiegroete



L. Colin
Gholfororganiseerder



P. Booysen
Skoolhoof